



# Fynbos

## Kleinmond

Natuerbewaringsvereniging  
Nature Conservation Society

No/Nr 168 September 2021

Reg no / nr 005-622 NPO

Posbus / PO Box 2, Kleinmond 7195

## Heide-seisoen!

Leon Louw

**As mens deesdae in ons mooie omgewing stap, wil jy sommer wegval met “Laat my langs die heide wandel” – baie van die 62 heide-spesies wat al hier aangeteken is, blom in die lente.**

Die meeste mense sal seker vir jou sê hulle ken ’n heide as hulle hom sien, maar wat is ’n heide? Die antwoord is glad nie so eenvoudig nie.

Die heide of *Erica* is ’n genus van die wêreldwye familie *Ericaceae* of *Erica*-familie. Ander genera in hierdie groot familie is die *Rhododendron* (waarin Azaleas voorkom) en *Epacrids* (Australiese heide). Daar is ongeveer 860 *Erica*-spesies wêreldwyd, waarvan ongeveer 760 in SA voorkom. Dit is nie net die grootste genus in SA nie, maar ook die grootste genus in die Suidwes-Kaap – 426 spesies kom hier voor. In die hele Europa is slegs 21 spesies opgeteken.

Die Sweedse botanis Carl Linnaeus het die naam *Erica* aan die genus gegee in sy *Species Plantarum* wat in 1753 gepubliseer is. Die naam kom van die Grieks *ereike* (“om te breek”) aangesien ’n aftreksel van sekere heideplante veronderstel was om nierstene af te breek.

Terug by die vraag: “Wanneer is ’n plant ’n *Erica*?”

*Ericas* is meerjarige struike, merendeels tussen 30 en 50 cm hoog. Party kan egter groot struike of bome tot 6 m hoog wees terwyl ander weer baie klein is (net 10 mm hoog en 30 mm in deursnit) en in krake in rotse groei.

*Ericas* word egter veral aan hulle blare geken. Die rande is na onder gerol of gevou en vorm dus ’n klein slootjie aan die onderkant. Dit beperk blootstelling aan die son tot ’n minimum. Mens noem dit erikoïede blare of blare met teruggedrolde rande. Die harde was-agtige bokant van die blaar verhoed transpirasie, en uitruiling van gasse en vog vind plaas in die nou slootjie onder die blaar. Talryke saamsluitende haartjies in die kamertjies

*Erica discolor* het ’n lang buisvorm.



By *Erica imbricata* (sout-en-peperheide) is die kelk- en kroonblare netjies soos dakteeltjies gerangskik. Die helmknoppe steek ver uit, en die stamper nog verder.

keer verder dat onnodige vogverlies plaasvind.

Nou ja, soos dit maar gaan, is daar uitsonderings op elke reël. Sommige *Ericas* se blare is glad nie na onder gevou nie, soos *E. marifolia* wat in skaduryke en nat gebiede groei, waar vogverlies nie voorkom hoef te word nie.

Blomme word op baie verskillende maniere op die plant gedra.

- Die penvorm (spike) met blomme aan die hoofak
- ’n Blomgroep of -skerm (umbel) waar blomme saamgegroepeer is aan die einde van ’n tak
- Blomme in groepies van drie aan die einde van die

hooftak en al die sytakies

- 'n Blomskerm aan die einde van die hooftak met groepies van drie aan die einde van al die sytakies.

Die blomme self verskil natuurlik ook baie. Die buise van sommige spesies word tot 45 mm lank, terwyl die blommetjies van sommige miniatuurspesies net 0,7 mm lank kan wees. By sommige spesies is die skutblare en steelblare los van die kelk en by ander saamgesmelt met die kelk. Die stempel en/of helmknoppe kan by die kelk uitsteek of nie.

Die blomvorm hou verband met die bestuiwingsmetodes van die plant. Lang buise word deur suikerbekkies bestuif; kruik-, klok- en koppie-vormige blomme deur insekte; en die klein, dowwe blommetjies meestal deur die wind.

'n *Erica* kan enige kleur van die reënboog behalwe blou wees, en is dikwels twee- of driekleurig. Blomme kan harig of glad, taai of droog, opgepof of dun wees. Blomkelke kan getuit of stervormig wees.

Ten slotte: wat is 'n *Erica*? Vra heel eerste: is die blare klein, hard en omgekrul? Dis 'n goeie begin. Om die spesifieke spesie uit te ken, moet jy die blom en die helmknop bestudeer (elkeen van laasgenoemde is uniek) en in jou boeke gaan rondblaai. Of 'n foto neem en vra!

**Goeie internetbronne:**

<https://www.inaturalist.org/>  
en

<https://www.fernkloof.org.za/>



***Erica corifolia* se onderrok hang uit: kelkblare is korter as die kroonblare. Blomme vorm kransies op die punte van die takkies.**



**Baie *Erica*-blomme is klokvormig, soos hierdie *Erica tenella***



***Erica exleeana* het piepklein, onopsigtelike blommetjies, 'n aanduiding dat hulle deur die wind bestuif word.**



***Erica pattersonii* (mielieheide) se blom buise sit ingeryg soos pitte op 'n mieliestronk.**



**By *Erica massoni* (wawielheide) sit die blomme in 'n kring op die punt van die tak.**

# Inkommers en rusverstoorders

Paul Coetzee

**Wie is nie al wreed uit die slaap geruk wanneer 'n skel "haa-haa-haa-de-dah!" vroegoggend oor die stil strate van Kleinmond weergalm nie?**

Baie inwoners wonder tereg waar hierdie vlieënde vuvuzelas vandaan kom. Hulle was tog nie altyd hier nie — of is dit (al weer) ons geheues wat ons in die steek laat?

Hadedas (*Bostrychia hagedash*) is nie inheems in die Wes-Kaap nie. Hulle is egter een van Suid-Afrika se suksesvolste spesies. Sedert hulle ongeveer 'n honderd jaar gelede vir die eerste keer in die noordoostelike kusgebiede van Suid-Afrika opgemerk is, het hulle stadig maar seker suid en wes versprei, totdat hulle die Wes-Kaap in die laat 1980's en vroeë 1990's bereik het. Hulle het Kleinmond eers 'n rukkie later ontdek, en natuurlik dadelik besluit hulle trek nie verder nie. Vandag kom hulle oral in die land behalwe die baie droë westelike dele voor.

'n Artikel in die joernaal *Biodiversity Observations* gee 'n paar redes vir die hadedas se verspreidingspatrone. Teen alle verwagtings in neem hul getalle in die noorde en noord-ooste van die land af, terwyl daar 'n skerp toename in getalle in die Wes-Kaap is. Volgens die skrywers soek hulle maar net 'n holte vir hulle voet, en hulle vind dit in gebiede wat die volgende bied:

1. Genoeg water, met ander woorde vleie, besproeiingslande, tuine en sportterreine. Die hadeda met sy lang snawel maak jag op insekte, slakke, paddas, wurms en ander gediertes wat in die grond lewe. Sy snawel het sensors op die punte wat die fyn vibrasies van bewegende prooi kan waarneem en dus die opspoor van 'n lekker happie onder die grond vergemaklik. Dis te verstaan dat hy grond verkies wat sag genoeg is sodat sy snawel (12 cm tot 13 cm lank) ten minste gedeeltelik die grond kan binnedring.

2. Groot bome. Dis waar broeipare hulle deurmekaar nesplatvorms van stokke bou. Die broeipare is monogaam vir minstens 'n jaar, en die wyfie lê 2 tot 4 eiers per broeiseisoen. Mannetjies én wyfies inkubeer die eiers en die kuikens broei na 26-28 dae uit.

Klimaatverandering veroorsaak dat sommige areas al droër word, terwyl menslike aktiwiteite soos besproeiing van landerye en sportterreine weer sorg vir nuwe areas met permanente sagte grond. Gesamentlik het die twee faktore 'n groot invloed op die hadeda se keuse van blyplek.

In die Kleinmond-omgewing bied die vleilande, die goed versorgde (nat) tuine en aangeplante groot bome



'n Rooi snawelnok kondig aan dat dit broeityd is.

soos bloekoms en wattels 'n ideale habitat vir dié raserige voël.

Hulle het gekom, gesien, en oorwin. Die slegte nuus: hulle word tussen 15 en 20 jaar oud. Die goeie nuus: hadeda-kuikens is heerlike versnaperings vir ons plaaslike kaalwangvalke!

## Rearing caterpillars for science

Thea Brink

**A caterpillar rearing group? Yes, indeed – and it is an official project of the Lepidopterists' Society of Africa.**

You may well ask: Why rear caterpillars at all? When most of us regard the damage they do to our carefully cultivated plants, we just want to exterminate them as quickly as possible.

This is what Magriet Brink, a member of this interesting group who happens to live in Kleinmond and is also a KNCS member, says about their work: "What I find most interesting about African caterpillars in general is that so much of their biology is still totally undiscovered.

"For all arthropods the taxonomic work (naming and classifying) is mostly only done on adult specimens, which means that it is impossible to identify the species from photos or even specimens of the larvae – we just don't know what they'll turn into.

"In the nearly 10 years since the Caterpillar Rearing Group project started we've discovered a heap of things that are totally new to science, including a large number of new species. Both experts and volunteer citizen

scientists like me take part in the rearing project and anyone can contribute. It is a great activity to do with children, exactly like keeping silkworms with the added benefit that real scientists are interested in your results.”

Tens of thousands of moth species and about 4 000 butterfly species occur in Africa. No one person or group of scientists could ever hope to determine the caterpillar-to-adult process or the host-plant associations of all these species. A few of these associations have been uncovered but what still needs to be determined is staggering. This is what inspired the Lepidopterists’ Society to create the Caterpillar Rearing Group.

Caterpillars of both moths and butterflies are collected and reared to adulthood, while notes are written and photographs taken of the various life stages, host plants and other interesting behavioural phenomena. Anyone who is willing to volunteer can participate in the project.

Magriet explains the process: “So what we do is to collect all the caterpillars we find, whether in the veld (always with a permit!), in the garden or even on your salad. We put each one in a secure container with holes for ventilation and take note of where and on what plant we found it. Then we feed it with that plant, watching carefully what it does and recording what it eats, when it pupates and when the moth or butterfly appears in all its glory. Every life stage is also photographed. Finally the data and pictures are sent to our project manager where they become part of a growing database of the life cycles and host plant associations of Africa’s moths and butterflies.”

As their web site concludes: “Together we can solve the many unknowns in the life histories of these fascinating creatures.”

If you would like to become a member of the CRG, please email Project Leader Hermann Staude for details: [staudehermann@gmail.com](mailto:staudehermann@gmail.com).

Facebook link:

<https://www.facebook.com/groups/caterpillarrg/>

Website:

<https://www.lepsocafrika.org/?p=projects&s=crg>

#### **What is the difference between butterflies and moths?**

*Lepidoptera* is an order of insects that includes butterflies and moths.

Taxonomically there is no difference between butterflies and moths.

Lepidopteran species are characterized by several features. The most apparent is the presence of scales that cover the bodies and wings. The scales are modified, flattened “hairs”, and give butterflies and moths their wide variety of colours and patterns.



From the archive

### **Alien plants in Kleinmond 40 years ago**

Botha Maree

**In 1981 Fynbos no 9 reported: “Apart from *Sesbania* the biggest plant pest in Kleinmond is the Australian Myrtle.**

Here the position is really serious. Luckily, a few of our members are fanatical in their war against the myrtle – two or three of them have each uprooted more than a thousand seedlings since the beginning of the year. But that is by far not enough. A concerted effort is called for. To this purpose we invite you to all join in the next hack which is appointed for Saturday 29 August, starting from in front of the Town Hall at 9 o’clock.”

Some months later Fynbos no 12 was happy to report: “Apart from the direct efforts by our members, substantial progress has been made through two other agencies. Firstly, the Municipal Nature Conservation Officer has seen to the destroying of large patches of myrtle seedlings in certain portions of the Reserve and the clearing of the whole stretch between Beach Road and the sea of all visible alien trees and shrubs. Secondly, the division responsible for water conservation in the Department of Forestry cleared the whole of Fairy Glen Kloof – the portion falling in the Reserve as well as adjoining lands of a virtual forest of cluster pine (*P. pinaster*).”

# Kapgroep verwyder duisende indringerplante

Carl Swart

**Selvs die covid-19-inperkings in 2020 kon nie die entoesiasme van die kapgroep demp nie.**

Vir vier maande, tussen Maart en Junie, het streng inperkings verhoed dat die kapgroep indringerplante uitroei. Nadat die inperking in Junie tot vlak 4 verlaag is, het ons toestemming van Tamzyn Zweig, OM se omgewingsbeampte, gevra om weer te begin kap. Sedert Junie 2020 het ons elke derde Dinsdag van die maand gekap, behalwe wanneer dit gereën het.

Die entoesiasme van die kapgroep word verder geïllustreer deur die feit dat sommige lede vanjaar etlike ekstra kappeleenthede gereël het.

Die groep het laasjaar veral in die volgende areas indringers verwyder: die padreserwe van die R44 by Kleinmond se oostelike ingang; in die kusreservaat; bokant die gholfbaan; in die duine suid van die bruggie by Meerenvlei en wes van die watersuiweringswerke.

Vanjaar werk die kapgroep in die duine suid van die bruggie by Meerenvlei; wes van die watersuiweringswerke op pad na Kasteelkop; en in die natuurreservaat noord van 13de en 15de Laan.

Vic Brink en Louis van Dyk het vroeër vanjaar besef dat die hakea-probleem teen die hange van Jean se Kop en die Sandownpiek dringend gepak moet word. Hulle het toe die gebied in blokke verdeel en gekarteer sodat vordering makliker gemonitor kan word. Blokke 1, 2 en 3 is deurgewerk (sien foto) tydens minstens agt kappessies. Dit lyk egter asof die hakea in die gebied rondom die grondverskuiwing teen Sandownpiek (blok 5) onkeerbaar versprei, en daardie styl helling gaan die groep nog lank besig hou.



Alle indringers wat afgesaag word, word met gif bespuit om seker te maak dat hulle nie weer uitloop nie. Gelukkig kan jonger plante met die regte toerusting (die sg "poppers") uitgetrek word. Aanvanklik is al die sade aan die bome ook afgeknip omdat hulle jare lank kan wag vir die volgende brand, en dan soos hare



**Fynbos-vyand by uitnemendheid, die hardnekkige Hakea.**

op 'n hond se rug opkom. Dit het egter 'n onbegonne taak geword, en tans word die afgekapte bome net op hope gegooi.

Lede van die kapgroep ondersteun ook die maandelikse skoonmaakgeleenthede wat deur die ekobediening van die NG kerk gereël word en is betrokke by projek Storm wat nette installeer om rommel in die stormwaterpype en -kanale op te vang.

## **Indringers verwyder in 2020 en tot Augustus 2021**

Mirt	10 829
Port Jackson	2 112
Lavatera	1 948
Hakea	1 107
Den	735
Wattel	382
Rooikrans	339
Langblaar	243

Die vraag kan tereg gevra word: voer die dapper bende van die kapgroep nie 'n verlore stryd nie? Help hulle moeitevolle arbeid enigsins om die onstuitbare voortgang van die indringers te stuit?

Voorheen kon 'n groter arbeidsmag miskien meer in 'n korter tyd vermag, soos die beriggie uit die argief aantoon. Vandag se groepie vrywilligers doen wat hulle hand vind om te doen, getrou op hul pos, al kan hulle nooit sê hulle werk is afgehandel nie. En tog. Die veld rondom Kleinmond spog met 'n verskeidenheid inheemse plantegroei wat jy op min ander plekke sal vind. Die indringers word miskien nie uitgeroei nie, maar hulle word in toom gehou!



## Inligtingborde is terug

Die KNBV kon onlangs 'n paar borde met inligting oor die fauna en flora langs die kus-paadjies vervang. Hulle is 'n tyd gelede gevandaliseer. Peter Muller het hulle herstel, KNBV-lede het die arbeid voorsien, en die borde is terug op hulle plekke. Dankie aan almal wat betrokke was!

Lees die volledige berig in die volgende *Fynbos*.

Carlo Böhmer en Gerrit van den Dool is twee van die vrywilligers wat altyd gereed is om hand by te sit.

## Join the Great Southern Bioblitz 2021

**iNaturalist is an online social network of people sharing biodiversity information to help one another learn about nature.**

It's a crowd-sourced species identification system and an organism occurrence recording tool. Its primary goal is to connect people to nature, and getting them to realize that it is worth protecting. Its secondary goal is to generate scientifically valuable biodiversity data from these personal encounters.

With these goals in mind, iNaturalist started the Great Bioblitz – 4 days each year in which participants record as many animals and plants as they can on iNaturalist. Because the event traditionally takes place in the spring of the northern hemisphere, the southern hemisphere decided to move its own Great Bioblitz to the southern spring.

Different continents, countries and regions participate and compete against one another. Who will record the most species: Cape Town or Overstrand? SA or Australia?

The Great Southern Bioblitz will take place between 22 and 25 October 2021. In South Africa it is organised by SANBI (*SA National Biodiversity Institute*). Some of the administrators in our area are Tony Rebelo, Jenny Parsons and Magriet Brink.

Last year more than 150 regions in Australia, Southern Africa and South America took part. This year will have even more regions on board, among them, for the first time, the Overstrand. Will we be able to beat the seasoned Team Cape Town? Definitely – if everyone with a cellphone gets involved!

### Interested in getting involved?

- Visit <https://www.inaturalist.org/projects/great-southern-bioblitz-2021-overstrand> for more information.
- WhatsApp Magriet Brink at 072 921 1757 for more information iNaturalist.
- E-mail Jenny Parsons at [jennyparsons.63@gmail.com](mailto:jennyparsons.63@gmail.com) for information about the Bioblitz.

### Ons onthou: Sarel Marais

**Sarel Marais, 'n geliefde en gewaardeerde KNBV-lid, is in September 2016 onverwags oorlede.**

Hy sou vanjaar op 17 September 75 jaar oud gewees het en sy vrou, Joan, het 'n skenking aan die vereniging gemaak ter herinnering aan haar man.

Sarel was een van daardie mense wat nie baie gepraat het nie, maar baie gedoen het. Hy was gereeld op sy pos wanneer die kaggroep bymekaar gekom het om indringers uit te roei. Hy het ook baie kennis van die indringerspesies gehad.

GEDAGTIG HIERAAN EN OOK AAN JOAN SE WENSE WIL DIE KOMITEE GRAAG DIE SKENKING AANWEND VIR IETS WAT MENSE OP 'N PRAKTIESE MANIER KAN HELP EN ONS AAN SAREL SE ONBAATSUGTIGE DIENS AAN SY MEDEMENS EN SY DORP HERINNER.